NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2015

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings: Letterkunde (Drama en Prosa) en Transaksionele skryfwerk.

3. Beantwoord VIER vrae: TWEE uit Afdeling A (Letterkunde) en TWEE uit Afdeling B (Transaksionele skryfwerk).

4. Daar is EEN VERPLIGTE vraag oor die dramas en TWEE vrae oor die prosawerke. Beantwoord die VERPLIGTE VRAAG oor die drama van jou keuse en EEN vraag oor die prosawerk van jou keuse. Vergewis jou dat al die vrae in Afdeling A uit twee dele bestaan (voltooi dus ALBEI dele in Afdeling A).

5. In Afdeling B is Vraag 5 verpligtend. Doen dan óf Vraag 6 óf Vraag 7. Al die vrae moet in ongeveer 250 woorde beantwoord word.

6. Lees die inligting, instruksies en opdragte by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

7. Jou antwoorde moet presies soos die vrae in die vraestel genommer wees.

8. Begin elkeen van die vier vrae **boaan 'n nuwe bladsy** in jou antwoordboek.

9. Let noukeurig op die puntetoekenning van die verskillende vrae.

10. Netheid, leesbaarheid en versorgde taal sal in jou guns tel.

---

IEB Copyright © 2015

## AFDELING A LETTERKUNDE

## DRAMA

Daar word in hierdie afdeling **EEN VRAAG** oor elk van die twee voorgeskrewe dramatekste gestel. Na aanleiding van die drama wat jy bestudeer het, moet jy Vraag 1 (oor ***Kaburu***) **ÓF** Vraag 2 (oor ***Vergelegen***) beantwoord.

Jou mini-opstel moet **betogend** van aard wees. Ondersteun jou stellings deurgaans met **verwysings** na of **aanhalings** uit die teks. Bring die **woordetal** onder jou opstel aan.

'n **Nasienrubriek** sal vir die assessering van jou opstel gebruik word.

### VRAAG 1 ***KABURU*** (Deon Opperman)

Aan die begin van die drama sê **PA** dié woorde:

> *"Ons almal verloor ... op die ou end."*
>
> [Opperman, Deon. 2008. *Kaburu*. Protea Boekhuis. Pretoria, bl. 5]

Aan die einde van die drama uiter **OUMA** dié veranderde woorde:

> *"Ons almal verloor ... op die ou end.*
> *Maar intussen ... wen ons ook."*
>
> [Opperman, Deon. 2008. *Kaburu*. Protea Boekhuis. Pretoria, bl. 71]

'n Hele aand se gebeure, **meningsverskille** – veral oor kwessies soos **waarheid**, **emigrasie**, **persoonlike woede en hartseer** – lê tussen die woorde van Pa, by die aanvang van die drama, en Ouma, aan die einde van die drama.

Betoog in 'n mini-opstel van ongeveer 400 woorde (toegelig met verwysings en/of aanhalings) of Ouma se slotwoorde hier **op aanvaarding van verlies** by die **gesinslede** dui en **positiewe verhoudings** in die vooruitsig stel, of nie.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou mini-opstel aanpak.

**[30]**

**OF**

IEB Copyright © 2015

## VRAAG 2 *VERGELEGEN* (D.J. Opperman)

Aan die begin van die drama stel **Van der Stel** sy droom:

> *"... Ja, die land self wek in mens 'n grootse visioen,*
> *'n Vergelegen, van wat jy alles nog kan doen."*
>
> [Opperman, D.J. 1987. *Vergelegen*. Tafelberg-uitgewers, bl. 5]

Aan die einde van die drama sê 'n verslae **Van der Stel**:

> *"Te groot ... te groot gedroom, te groot geleef!"*
>
> [Opperman, D.J. 1987. *Vergelegen*. Tafelberg-uitgewers, bl. 110]

Van der Stel se **ontnugtering**, sy **verlore droom** spreek hier duidelik uit sy woorde.

Betoog in 'n mini-opstel van ongeveer 400 woorde (toegelig met verwysings en/of aanhalings) of jy dink Van der Stel daarin sou kon slaag om sy **verlies** aan 'n **lewensdroom** en 'n **modelplaas** aan die suidpunt van Afrika te kan verwerk wanneer hy noodgedwonge 'n **nuwe toekoms** tegemoet gaan.

Jou betoog moet duidelik die **begrip**, **oorsaak** en **gevolg** van "te groot gedroom, te groot geleef" betrek.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou mini-opstel aanpak.

**[30]**

IEB Copyright © 2015 

## PROSA

Daar word in hierdie afdeling telkens twee vrae oor twee verskillende prosatekste gevra. Na aanleiding van die roman wat jy bestudeer het, moet jy Vraag 3.1 OF 3.2 (oor ***Wildvreemd***) óf Vraag 4.1 OF 4.2 (oor ***Bart Nel***) beantwoord.

Jou literêre opstel moet **beredeneerd** van aard wees. Ondersteun jou stellings deurgaans met **verwysings** na, of **aanhalings** uit die teks. Bring die **woordetal** (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.

'n **Nasienrubriek** sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

## VRAAG 3 ***WILDVREEMD*** (Carina Stander)


Beantwoord Vraag 3.1 OF Vraag 3.2 wat oor die roman ***Wildvreemd*** gestel word.

3.1 'n Resensent sê: "Die voorblad toon 'n persoon wat op uitdagende wyse 'n vyandige wêreld die rug toekeer, met die wil om ten alle koste te oorleef en te laat oorleef."

Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde hoe die roman se **voorbladsketS** en **titel** die uitbeelding van die **uitdagende bosbeskermer se individualiteit** karakteriseer en hoe sy as **weerlose vrou** dit reggekry het om 'n **gemeenskap saam te snoer** in die stryd om **oorlewing** in die Ruig om uiteindelik ook self **heel** anderkant uit te kom.

Jou slot moet 'n **kritiese evaluering** van die **geslaagdheid** van die voorblad en titel bevat, al dan nie.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou literêre opstel aanpak.




[© NB-uitgewers. Die omslagfoto mag nie sonder die skriftelike verlof van NB-uitgewers gereproduseer word nie]

**[30]**

**OF**

3.2 Op Carina Stander se kunsuitstalling (op die webwerf ***Wix.com*** te sien) en die bekendstelling van haar boek ***Wildvreemd***, is die onderstaande skets te sien.

**Bestudeer** die skets en beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde of hierdie skets (as voorbeeld van die hoofkarakter) 'n **gepaste voorblad** vir die roman kon wees om haar lewe as **Skarlakenvrou**, **Vrekbek en Mensdier in die Ruig** te verduidelik. Bedink ook 'n **toepaslike titel** wat by die romangebeure en skets sal aansluit.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy die literêre opstel aanpak.




[Kunswerk van Carina Stander uit ***Wildvreemd: Verbeelde Woorde-uitstalling***]

**[30]**

**OF**

**VRAAG 4** ***BART NEL*** (J. van Melle)


Beantwoord Vraag 4.1 OF Vraag 4.2 wat oor die roman ***Bart Nel*** gestel word.

4.1 In die onderstaande voorblad (op een van die uitgawes van die roman) word gebruik gemaak van twee gesigprofiele van Bart Nel. Op die **voorgrond** is die figuur **groot en donker**, terwyl die **agterste figuur**, verder weg, **lig en kleiner** is.

Bespreek in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde hoe dié **twee figure** Bart se **ontwikkeling in sy karakter, omstandighede en insig** uitbeeld.

Jou slot moet 'n kritiese evaluering van dié voorblad as **ontwikkeling, omstandighede en insig van Bart Nel** bevat, **al dan nie**.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy die literêre opstel aanpak.




[© Van Schaik-uitgewers. Die omslagfoto mag nie sonder die skriftelike verlof van Van Schaik-uitgewers gereproduseer word nie.]


**[30]**

**OF**

4.2 In die onderstaande voorblad (op die Klassieke Reeks-uitgawe van die roman ***Bart Nel***) word die landskap as 'n dorre, droë aarde met in die verte die lig en belowende wolke uitgebeeld. Die landskap rus as't ware op die naam en skouers van die man.

Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde watter **verband** daar tussen die **landskap** en die **figuur** bestaan sodat dit aan die einde van die verhaal 'n sinvolle voorstelling is van die **"nuwe" Bart Nel** wat 'n **nuwe toekoms** tegemoetgaan.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/ breinkaart doen voor jy die literêre opstel aanpak.




[© NB-uitgewers. Die omslagfoto mag nie sonder die skriftelike verlof van NB-uitgewers gereproduseer word nie.]

**[30]**

**60 punte**

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK


In hierdie afdeling word DRIE opdragte gegee. **Vraag 5** is **VERPLIGTEND**. Doen dan **óf Vraag 6 óf Vraag 7**. Elke skryfstuk moet **ongeveer 250 woorde** bevat.

Maak seker dat jy die gepaste **register en taal**, soos gevra, gebruik. Die **formaat, teikenleser en toon** moet by elke skryfstuk pas.

'n Nasienrubriek sal vir die assessering van jou skryfwerk gebruik word.

Die volgende verwerkte artikel uit *Taalgenoot* (Somer 2015), "***Die lees van lugkastele***", kan as prikkel vir jou skryfstukke dien.

# Die lees van lugkastele



Sogenaamde YA (Young Adult) of Jong-volwasse-literatuur (JVL) het die wêreld aan't gons. **Donnay Torr** delf dieper in die verskynsel.

Volgens Simone Hough, kinder-en-jeugboekuitgewer by Human & Rousseau, is daar 'n wêreldwye tendens van groei in verkope van JVL-boeke.

"Dit is iets wat oor die afgelope jare aangevuur is deur gewilde tienerreekse soos *Harry Potter*, *Twilight*, *The Hunger Games* en diesulkes," sê Simone.

Die feit dat daar ook groot Hollywood-films van die boeke gemaak word wat hierdie handelsmerke verder versterk, beteken dat dit ook verkope dryf. Die Hollywood-effek kan ook binnekort op plaaslike vlak sigbaar word: daar is onlangs aangekondig dat Anoeschka von Meck se boek *Vaselinetjie* in 'n fliekweergawe omskep gaan word. En Jaco Jacobs se boek *Suurlemoen!* is in 2014 verfilm.

JVL is nie noodwendig 'n genre opsigself nie, maar eerder 'n kategorie: fiktiewe literatuur waarby jonger lesers (so jonk as 10 tot 18) aanklank vind. Dit kan strek van die genres van magiese realisme, fantasie en wetenskapfiksie tot realistiese landskappe en iets so eenvoudig as om te sterf.

Jaco Jacobs, skrywer en senior uitgewer: kinder- en jeugboeke by LAPA Uitgewers, meen die JVL-mark word wêreldwyd op uiteenlopende maniere omskryf. "Grense tussen boeke is nie naastenby so duidelik soos wat ouderdomsbeperking of genre-indelings dit soms wil laat lyk nie, maar ek verkies dit om na boeke vir lesers tussen ongeveer 12 tot 16 as tienerliteratuur te verwys, en na boeke vir lesers van so 16 tot 18 jaar as jong-volwasse-literatuur."

IEB Copyright © 2015 

**VRAAG 5**

**HIERDIE VRAAG IS VERPLIGTEND**

Die redaksie van julle skoolkoerant – met jou as boekeredakteur – wil julle lesers (die leerders van die hoërskool) bewus maak van Jong-volwasse-literatuur (JVL) wat in films omskep word, meer spesifiek Afrikaanse literatuur wat uiteindelik as 'n film in Afrikaans verskyn.

Skryf nou 'n **RESENSIE** (van ongeveer 250 woorde) oor 'n Afrikaanse film. Die film wat jy resenseer hoef nie reeds te bestaan nie – dit kan enige moontlike Afrikaanse boek (wat jy al gelees het of wat as voorgeskrewe werk behandel is) wat in 'n film omskep kan word, wees.

Maak seker dat jou formaat korrek is; die toon en styl moet pas by die lesers van julle skoolkoerant.

**[20]**

**EN**

**DOEN NOU VRAAG 6 <u>OF</u> VRAAG 7**

**VRAAG 6**

Na baie klagtes van ouers oor die gelese roman, ***Vaselinetjie*** (Anoeschka von Meck) **OF enige ander kontroversiële roman,** besluit jou skoolhoof om dié roman as voorgeskrewe boek te onttrek.

Jy, een van vele leerlinge, besef die waarde van so 'n voorgeskrewe roman. Skryf 'n **E-POS** (van ongeveer 250 woorde) aan jou hoof om te pleit dat die roman nie onttrek word nie en motiveer die belangrikheid van só 'n tipe voorgeskrewe werk vir tieners.

Maak seker dat die uitleg korrek is en dat die styl en toon pas by die formele aard by die aanspreek van 'n hoof.

**[20]**

**OF**

**VRAAG 7**

Na die lees van 'n roman (geklassifiseer as Jong-volwasse-literatuur) van Jaco Jacobs, gepubliseer onder die skuilnaam Lize Roux, het verskillende menings omtrent Afrikaanse skrywers en hulle sukses onder die hedendaagse jongmens ontstaan.

Julle besluit om as klas 'n **BLOG** te begin om so alle jongmense se opinie oor Afrikaanse literatuur onder hedendaagse jongmense in te win. Jy skryf die inleidende BLOG-inskrywing (van ongeveer 250 woorde) waarin jy jou mening lug oor die invloed van Afrikaanse literatuur op vandag se jongmens.

Maak seker dat jou styl en toon getuig van goeie taalgebruik en 'n ingeligte mening.

**[20]**

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2015